education

Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noordwes Departement van Onderwys
North West Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE VRAESTEL 2

SEPTEMBER 2022

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye,
1 formuleblad en 'n antwoordeboek van 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word voorsien waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3 Toon al die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon alle bewerkings tot EEN desimale punt waar van toepassing.
7. Indien jy dit verkies, mag jy die Formuleblad met Finansiële Aanwysers wat aan die einde van hierdie vrestel aangeheg is, gebruik. Die gebruik van hierdie formuleblad is NIE verpligtend NIE.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk nie.

VRAAG 1: 40 punte; 35 minute	
Onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Rekonsiliasies en BTW	**Finansiële Rekeningkunde** Aanvullende Inskrywings vir KrediteureRekonsiliasie Ontleding en Vertolking van Debiteure se Ouderdoms-Ontleding Belasting op Toegevoegde Waarde en Etiek

VRAAG 2: 40 punte; 35 minute	
Onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Vervaardiging en etiek	**Bestuursrekeningkunde** Kosterekeningkundige Begrippe Produksiekostestaat en Nota's Berekening van Netto Wins/Vertolking

VRAAG 3: 35 punte; 25 minute	
Onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Voorraadwaardasie en interne beheer	**Bestuur van hulpbronne** Waardasie en Berekening van Voorraad Finansiële Aanwyser en Interpretasie Interne Beheer

VRAAG 4: 35 punte; 25 minute	
Onderwerp:	**Hierdie vraag integreer:**
Kontantbegroting	Debiteure-Invorderingskedule Ontleding, Vertolking en Vergelyking Kontantbegroting van 'n Maatskappy Interne Beheer

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: REKONSILIASIE, INTERNE BEHEER EN BTW (40 punte; 35 minute)

1.1 KREDITEUREREKONSILIASIE

Jy word voorsien van die rekening van Dabula Groothandelaars in die krediteuregrootboek van Sizwe Handelaars en die staat wat van Dabula Groothandelaars ontvang is. Die staat weerspieël transaksies tot 29 Mei 2022.

GEVRA:

Gebruik die tabel, wat verskaf word, om die volgende te voltooi.

1.1.1 Krediteuregrootboekrekening in die boeke van Dabula Groothandelaars, en die Krediteure-rekonsiliasiestaat op 31 Mei 2022. (13)

1.1.2 Sizwe se interne ouditeur het daarop aangedring dat betalings via EFO's aan die besigheid se verskaffers gemaak moet word.
Gee EEN rede om sy besluit te ondersteun. (2)

Gee EEN interne prosedure om beheer oor hierdie stelsel te verseker. (2)

INLIGTING:

A. Krediteuregrootboek van Sizwe Handelaars
Dabula Groothandelaars (KG3)

DATUM		BESONDERHEDE	FOL	DEBIET	KREDIET	SALDO
Mei	1	Rekening gelewer				18 450
	05	Faktuur Nr. 1345			2430	20 880
	07	Debietnota 860			1 200	22 080
	13	EFO 28		17 530		4 550
		Korting ontvang		850		3 700
	22	Faktuur Nr.1377			9 489	13 189
	25	Faktuur Nr.1396			6 300	19 489
	30	Faktuur Nr.1401			4 350	23 839

B. Rekeningstaat ontvang van Dabula Groothandelaars

Dabula Wholesalers
245 West Straat
Durban
400

Debtor Sizwe Traders
Sibasa Erf 29
0970

Rek no 10038
29 Mei 2022

DATUM		TRANSAKSIES	DEBIET	KREDIET	SALDO
Mai	01	Begin Saldo			18 450
	05	Faktuur Nr. 1345	3 330		21 780
	07	Kredietnota 860		1 200	20 580
	13	EFO 28		17 530	3 050
	20	Faktuur Nr. 1350	4 800		7 850
	22	Faktuur Nr. 1377	9 489		17 339
	25	Faktuur Nr. 1396	6 300		23 639
	29	Rente op agterstallige rekening	120		23 759

BYKOMENDE INLIGTING

A. Faktuur nr 1345 op 5 Mei 2022 is verkeerdelik as R2 430 in die krediteuregrootboek van Sizwe Handelaars aangeteken.

B. Sizwe-handelaars het volgens ooreenkoms gekwalifiseer vir afslag op die betaling wat op 13 Mei 2022 gemaak is. Dabula Groothandelaars het verskoning gemaak omdat hulle vergeet het om dit af te trek. Dit sal op die volgende rekeningstaat in berekening gebring word.

C. Faktuur nr 1350 vir R4 800 wat ontvang is, volgens die staat was 'n fout wat deur Dabula Groothandelaars gemaak is. Hierdie faktuur is nie aan Sizwe Handelaars uitgereik nie.

D. Kredietnota no 860 is verkeerd aangeteken deur Sizwe Handelaars

E Faktuur nr 1401 verskyn nie op die staat nie, aangesien dit na die staatdatum uitgereik is.

1.2 **DEBITEURE OUDERDOMSONTLEDING**

GLENDALE HANDELAARS

U word voorsien van die debiteure-ouderdomsontleding, op 30 April 2022, die kredietterme is 30 dae.

GEVRA:

1.2.1 Verduidelik waarom die debiteure-ouderdomsontleding 'n doeltreffende interne beheermaatreël is. Noem TWEE punte. (4)

1.2.2 Verduidelik TWEE verskillende <u>probleme</u> wat deur die debiteure se ouderdomsontleding uitgelig word. Verskaf in ELKE geval die naam van 'n debiteur en die syfer(s). (6)

INLIGTING:

DEBITEURE OUDERDOM ONTLEDING OP 30 APRIL 2022

	KREDIET-LIMIET	**BEDRAG VERSKUL-DIG**	**HUIDIGE MAAND**	**30 DAE**	**60 DAE**	**90 DAE**
	R	**R**	**R**	**R**	**R**	**R**
Z Zungu	6 000	5 000	2 100	2 900		
P Damba	3 500	4 200	3 800	400		
M Wally	7 000	1 450	500			950
S Vuyo	13 000	12 500	1 000	3 000	4 500	4 000
O Pieter	3 000	3 000	1 900		1 100	
TOTALE:		**26 150**	**9 300**	**6 300**	**5 600**	**4 950**
		100%	**36%**	**24%**	**21%**	**19%**

1.3 BTW EN ETIEK

Die inligting het betrekking op Palms Stores, vir die twee maande BTW-tydperk wat geeïndig het op 28 Februarie 2022. Die standaard BTW-koers is 15%.

GEVRA:

1.3.1 Bereken die korrekte BTW-bedrag wat óf betaalbaar is aan óf ontvangbaar is van die SAID. Dui betaalbaar of ontvangbaar aan. (9)

1.3.2 Die eienaar, Cyril, het die BTW wat van kliënte ingevorder is gebruik om salarisse en bonusse te betaal, en kon dus nie die BTW-spertye haal nie.

- Lewer kommentaar op hierdie praktyk wat Cyril gebruik. Gee EEN punt. (2)
- Gee vir Cyril raad om sulke voorvalle in die toekoms te vermy. Gee TWEE punte. (2)

INLIGTING:

A. Bedrag verskuldig aan SAID op 1 Februarie 2022, R21 225

B. Bedrae uit die rekords op 29 Februarie 2022:

	BEDRAE	**BTW BEDRAG**
Kontant- en kredietverkope	416 300	54 300
Kredietaankope van voorraad (**INSLUITEND**)	254 150	?
Voorraad teruggestuur aan verskaffers (**UITSLUITEND**)	38 000	?
Onttrekking van handelsvoorraad		660
Debiteurerekeninge afgeskryf as oninbare skuld		1 290
Korting toegestaan aan debiteure		2 145

40

HOU HIERDIE BLADSY OOP

VRAAG 2: VERVAARDIGING EN ETIEK (40 punte; 35 minute)

2.1 KOSTE BEGRIPPE

GEVRA:

Kies 'n kostekategorie uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.4) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1.1	Grondstowwe wat in die fabriek gebruik word	A	direkte arbeidskoste
2.1.2	Advertensie uitgawes	B	fabrieksbokoste
2.1.3	Kantoor telefoonrekening	C	verkoops- en verspreidingskoste
2.1.4	Salaris van die fabrieksvoorman	D	administrasie koste
		E	direkte materiaalkoste

(4)

2.2 VENTER VERVAARDIGERS

2.2.1 Voltooi die produksiekostestaat vir die jaar geëindig 31 Augustus 2022. Sommige van die besonderhede is vir jou gegee. (12)

2.2.2 Voltooi die **'Verkorte staat van omvattende inkomste' nadat alle koste in ag geneem is.** (11)

INLIGTING:

A. Die onderneming gebruik die EIEU-metode om voorraad te waardeer.

B. Voorraad voorhande op:

	31 Augustus 2022	1 September 2021
Grondstowwe	R 310 000	R 125 00
Goedere-in-bewerking	R 94 000	**?**
Klaarprodukte	9 500 eenhede	R 285 000 (15 000 eenhede teen produksiekoste van R19 elk)

C. Grondstowwe wat gedurende die jaar gekoop is, beloop R1 325 000.

D Salarisse en lone het 650 000 vir die finansiële jaar beloop. 40% van die bedrag word toegeskryf aan lone van die werknemers wat direk aan die produk werk.

E. 80 000 voltooide eenhede is gedurende die finansiële jaar vervaardig. Die kosprys was R21,25 vir elke voltooide eenheid wat gedurende die finansiële jaar wat op 31 Augustus 2022 geëindig het, vervaardig is.

F. Verkope vir die finansiële jaar het R3 633 750 beloop. Die verkoopprys het die afgelope jaar onveranderd gebly.

G. Verkoops- en verspreidingskostes is R950 625, en administrasiekoste is R500 000, nadat alle relevante uitgawes in ag geneem is.

2.3 **JUMBO VERVAARDIGERS**

Hierdie besigheid maak gesigskerms. Die inligting hieronder het betrekking op die jaar geëindig 30 Junie 2022.

Aantal gesigskerms wat vervaardig en verkoop is	12 000
Verkope vir die jaar	480 000
Totale vaste koste	210 000
Totale veranderlike koste	300 000
Gelykbreekpunt in eenhede	14 000

2.3.1 Gee EEN voorbeeld van 'n vaste koste en EEN voorbeeld van 'n veranderlike koste. (2)

2.3.2 Verduidelik waarom dit belangrik is om die verwagte gelykbreekpunt vir 'n besigheid voor die begin van 'n finansiële jaar te bereken. (2)

2.3.3 Verskaf die bewerking om te wys dat die gelykbreekpunt van 14 000 eenhede korrek is. (4)

2.3.4 Lewer kommentaar op jou berekening in VRAAG 2.3.3. Watter raad sal jy aan Jumbo-vervaardigers gee? Gee EEN punt. (5)

40

VRAAG 3: VOORRAADSTELSELS (35 punte; 25 minute)

Somicious Sneakers is 'n besigheid wat ontwerperstekkies verkoop. Die finansiële jaar eindig op 30 Junie 2022. Die onderneming gebruik die periodieke voorraadstelsel en die geweegdegemiddelde metode om hul voorraad te waardeer.

GEVRA:

3.1 **Bereken die volgende vir die jaar geëindig 30 Junie 2022**

3.1.1 Waarde van die eindvoorraad deur gebruik te maak van die geweegde gemiddelde metode. (11)

3.1.2 Voorraadomsetsnelheid (Gebruik die gemiddelde voorraad). (5)

3.2 **Voorraad beheer van tekkies**

3.2.1 Toon 'n berekening om aan te dui of diefstal van voorraad 'n probleem in die besigheid is. (5)

3.2.2 Gee EEN voorstel aan die eienaar om beheer oor voorraad te verbeter. (2)

INLIGTING:

A. Voorraadrekords van ontwerperstekkies.

Datum	Aantal eenhede	Prys per eenheid (aflewering ingesluit)	Totale waarde
1 Julie 2021	430	R 1 300	R559 000
30 Junie 2022	210	?	?

B. Aankoop van ontwerperstekkies vir die jaar geëindig 30 Junie 2022:

Datum	Aantal eenhede	Kosprys per eenheid	Aankope	Aflewerings -koste	Totale koste
		R	R	R	R
30 Sept ‘21	600	1 400	840 000	4 300	844 300
1 Nov ‘21	800	1 500	1 200 000	5 600	1 205 600
11Jan ‘22	500	1 450	725 000	3 460	728 460
15 May ‘22	300	1 600	480 000	2 140	482 140
	2 200		**3 245 000**	**15 500**	**3 260 500**

C. Terugsendings van ontwerperskoene:

120 pare tekkies van die November-aankope is aan die verskaffer Somicious Sneakers terug gestuur. Slegs die koopprys is terugbetaal.

D. Verkope:

Daar is gedurende die jaar 2 230 pare tekkies vir R6 690 000 verkoop. Die verkoopprys is konstant gehou op R3 000 per paar.

3.3 PROBLEEMOPLOSSING

James Molefe besit drie fietswinkels, Winkel A, Winkel B en Winkel C.
Hy het 'n bestuurder vir elk van hierdie winkels aangestel. Jy word voorsien van inligting oor elk van die winkels. Hy wil die finansiële posisie van hierdie winkels verbeter en vra vir jou raad.

GEVRA:

3.3.1 Lewer kommentaar op die prysaanpassing in winkels B en C. Verskaf EEN rede (met syfers) om die bestuurder se besluit te regverdig. (3)

3.3.2 Identifiseer EEN ander probleem (met syfers) wat met elke tak verband hou. Gee in elke geval 'n moontlike oplossing. (9)

INLIGTING:

Elke winkel bereken hul prys teen kosprys plus 60%. Bestuurders word toegelaat om pryse met 5% op of af aan te pas.

	WINKEL A	**WINKEL B**	**WINKEL C**
Naam van bestuurders	**Todd**	**Mpho**	**Dalson**
Geteikende winsopslag	60%	60%	60%
Winsopslag behaal	60%	50%	65%
Verkope	400 000	510 000	247 500
Kontantverkope	180 000	510 000	24 750
Kredietverkope	220 000	Nil	222 750
Aantal werknemers	5	10	3
Bruto wins	150 000	170 000	97 500
Handelsvoorraad voorhand termyn	120 days'	60 days'	60 days'
Krediteure se betalingstermyn	30 days'	60 days'	90 days'
Debiteure-invorderingstermyn	30 days'	None	90 days'
Oninbare Skulde	2 200	None	22 275

35

VRAAG 4: KONTANTBEGROTING EN PROBLEEMOPLOSSING (35 punte; 25 minute)

Jy word voorsien van die Kontantbegroting en verwante inligting van Nothnagel Bpk vir die drie maande geëindig 31 Desember 2022.

GEVRA:

4.1 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir November 2022. (7)

4.2 Bereken die syfers wat deur A–F in die Kontantbegroting aangedui word. (14)

4.3 Salarisse
- Bereken die persentasie verhoging in salarisse en lone in Desember 2022. (2)
- Een van die werknemers, Mnr. Adidas, is nie tevrede met hierdie verhoging nie. Gee EEN punt om die verhoging deur die maatskappy te regverdig. (2)

4.4 'n Jong aandeelhouer is van mening dat die maatskappy nie geld aan personeelopleiding moet bestee nie – hulle moet opgeleide personeel in diens neem.

4.4.1. Verduidelik waarom die maatskappy geld spandeer aan personeelopleiding en -ontwikkeling. Gee EEN punt. (2)

4.4.2. Wat kan die onderneming doen om te verseker dat opgeleide personeel in diens van die onderneming bly? Gee EEN punt. (2)

4.5 Die maatskappy sal in Desember 2022 'n probleem ondervind om ou rekenaars en kasregisters te vervang. Die koste van hierdie items beloop R150 000 en hulle sal na verwagting 5 jaar hou. Die maatskappy het egter nie kontant beskikbaar om hiervoor te betaal nie. Die volgende is beskikbare opsies:

Opsie 1	Gaan 'n nuwe lening aan teen 'n rentekoers van 14% per jaar. Die lening sal oor 36 maande terugbetaal word
Opsie 2	Huur die bates van IT Connect Bpk teen R5 100 per maand
Opsie 3	Verhoog gewone aandelekapitaal ter waarde van R150 000

Die maatskappy besef dat al drie opsies die voordeel het dat hulle nie die R150 000-uitgawe in Desember 2022 hoef aan te gaan nie.

Oorweeg elk van hierdie opsies en verduidelik EEN ander voordeel en EEN nadeel van elke opsie. Verskaf syfers om jou antwoord te staaf. (6)

INLIGTING:

A. Kredietterme:
Daar word van debiteure verwag om hul rekeninge binne 30 dae vanaf die datum op die staat te vereffen.

B. Verkope en koste van verkope:
- Die totale verkope vir Oktober tot Desember was soos volg:
  Oktober R182 000; November R176 000; Desember R170 000.
- 60% van verkope is op krediet, die res is vir kontant.
- Die maatskappy gebruik altyd 'n winsopslag van 25% op koste.
- 35% van alle aankope is kontant, die res is op krediet. Krediteure word in die maand na die aankope betaal om 5% afslag te ontvang.

C. Debiteure-invordering:

Gelde ontvang van debiteure het getoon dat hulle soos volg betaal:

- 35% van debiteure vereffen hul rekeninge in die maand van verkope (lopend).
- 45% betaal in die maand na die verkoopstransaksiemaand (30 dae).
- 15% betaal in die tweede maand na die verkoopstransaksiemaand (60 dae).
- 5% word afgeskryf in die 3de maand na die verkoopstransaksie (90 dae).

D. Direkteursfooie

- Die besigheid het vier direkteure gehad, wat dieselfde maandelikse fooi verdien het.
- Op 30 November het een van die direkteure bedank.
- Die oorblywende direkteure sal vanaf 1 Desember 2022 'n verhoging van 30% in hul maandelikse fooi ontvang.

E. UITTREKSEL UIT KONTANTBEGROTING:

	2022 OKTOBER	**2022 NOVEMBER**	**2022 DESEMBER**
ONTVANGSTE	**428 540**	**640 760**	**18 490**
Kontantverkope	**C**	61 600	59 500
Invordering van debiteure	121 950	**?**	93 600
Huurinkomste	**?**	**?**	**?**
Verbandlening van XYZ Bank	**?**		
BETALINGS	**393 700**	**494 300**	**398 430**
Aankoop van voorraad vir kontant	**D**	49 280	47 600
Betaling aan krediteure	83 642	**E**	86 944
Terugbetaling van lening		1 500	1 500
Bankkoste	2 400	2 700	**?**
Salarisse en lone	70 000	70 000	74 760
Telefoon	1 200	1 200	1 200
Advertensies	2 500	2 500	2 500
Diverse Uitgawes	5 200	5 400	5 600
Inkomstebelsting	230 000		
Direkteursfooie	240 000	**?**	**F**
Personeelopleidingsprogram			20 000
Surplus (tekort) vir die maand	34 840	148 480	(213 440)
Kontant aan die begin van die maand	18 800	53 840	**A**
Kontant aan die einde van die jaar	53 640	200 100	**B**

35

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

GRAAD 12 REKENINGKUNDIGE FINANSIËLE AANWYSER FORMULEBLAD		
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates: Totale laste	Bedryfsbates: Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad): Bedryfslaste
(Handels- en ander debiteure + Kontant en kontantekwivalente): Bedryfslaste		$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van Verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Handelsvoorraad}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{365}{1}$
Nie-bedryfslaste: Aandeelhouersekwiteit	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$		$\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Totaal Vaste koste}}{\text{Verkoopprys p. e. – Veranderlike koste p. e.}}$

Kopiereg voorbehou